

Memorandum: Voorbeeld van 'n toets

Afdeling A: Leesbegrip

Vraag 1: Advertensie

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Dui die verband tussen die **titel** en die **inhoud** van die advertensie aan. (2)
Die inhoud verduidelik hoe Aerolite 'n gesin van 'n branddood gered het en die titel sê dat 'n kat (Aerolite) 'n gesin gered het. (2)
2. Watter woord in die eerste sin dui daarop dat dit nie 'n regte kat is wat die mense se lewens gered het nie? (1)
Pienk. (1)
3. Watter eienskap van Aerolite het gekeer dat die brand deur die huis versprei? (1)
Aerolite brand nie maklik nie. (1)
4. Haal 'n woord uit die leesstuk aan wat dieselfde beteken as:
 - 4.1 groot ramp (1)
Katastrofe. (1)
 - 4.2 om iets op te rig (1)
Installeer. (1)
5. Skryf in jou eie woorde wat *plafoninsolering* beteken. (2)
Die plafon van 'n huis word met 'n materiaal bedek sodat lug nie kan versprei nie. (2)
6. Die woord *katastrofe* kom in die advertensie voor. Waarom is die gebruik van die woord gepas? (1)
Die woord katastrofe dui hier op groot moeilikheid, ensovoorts. Die pienk isoleringsmateriaal het gekeer dat daar groot probleme ontstaan toe die brand uitbreek. Daar is ook woordspeling met die woord *kat* wat in die advertensie gebruik word. (1)

[9]

Vraag 2: Geskrewe teks

Vrae en voorgestelde memorandum

1. Bestudeer die titel van die leesstuk en skryf neer wat met die titel bedoel word. (2)
Die titel dui aan dat die baba olifantjie harte steel. (2)
2. Hoe word die leser betrek by die aanvangswoorde van die leesstuk? (1)
Die beginwoorde *Met 'n stertjie van voor en 'n stertjie van agter, kom uit 'n baie bekende kleuterversie en trek die leser se aandag.* (1)
3. Hoe lank is 'n olifantkoei dragtig voordat 'n olifantjie gebore word? Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak om die antwoord te vind? (2)
Byna twee jaar (22 maande). Soeklees. (2)
4. Wat was moontlik die rede waarom Pumbi, die ma-olifant, aan die dieretuin geskenk is? (1)
Pumbi was 'n wees olifant en kon nie in die wildtuin sonder 'n ma oorleef nie. (1)
5. Waarom moes die dieretuinpersoneel die olifantjie voer? (1)

Sy was by geboorte so klein dat sy nie kon bykom om self aan haar ma te drink nie. (1)

6. Hoeveel bottels melk kry sy per dag? (1)

12 bottels. (1)

7. Meneer Jacob Moeng sê dat die olifantjie baie stout is (paragraaf 9). Is dit 'n feit of 'n bewering? (1)

Dit is slegs meneer Moeng se mening dat sy stout is, die olifantjie wil maar net speel. (1)

8. Word die olifantjie in dieselfde kamp as haar ma aangehou? Motiveer jou antwoord. (2)

Ja, hulle is in dieselfde kamp, maar tog geskei, die woord *afsonderlik* dui dit aan. (2)

[11]

Totaal afdeling A: 20 punte

Afdeling B: Taalgebruik

Vraag 3

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woord *foto's* (paragraaf 1) is die meervoud van die woord *foto*. Skryf die meervoud neer van die volgende woorde: (3)

1.1 oupa – **oupas**

1.2 olifantkalf – **olifantkalfers**

1.3 webwerf – **webwerwe (3)**

2. Die woord *burgeroorloë* (paragraaf 2) word met 'n deelteken geskryf om 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die skuinsgedrukte woorde oor en voorsien van deelttekens waar nodig. (3)

2.1 Die seekoeikalfie se *dieet* bestaan uit allerhande plante.

Die woord *dieet* word nie met 'n deelteken geskryf nie.

2.2 Die seekoeikalfie is 'n *pasient* van die veearts. **Pasiënt.**

2.3 Om die dwergseekoeie te bewaar is *finansieel* baie duur.

Die woord *finansieel* word nie met 'n deelteken geskryf nie. (3)

3. Verdeel die woord *binne* (paragraaf 5) eers in lettergrepe en dan in klankgrepe. (2)

Lettergrepe = bin / ne

Klankgrepe = bi / (n)ne (2)

4. Benoem die aksentteken op die woord *dié* in paragraaf 2. (1)

Akuutaksent. (1)

5. *Van die dwergseekoeie is reeds binne die eerste vyf uur op film vasgevang* (paragraaf 5). Gebruik die woord *vyf* (as een woord geskryf) in 'n sin sodat die betekenis duidelik na vore kom. (2)

Die wedstryd begin om vyf uur. (2)

6. Verklaar die gebruik van die komma in paragraaf 2. (2)

Die komma word tussen twee gesegdes geplaas. (2)

7. Is die onderstaande woorde gevorm deur middel van samestelling, afleiding of samestellende afleiding?

7.1 ontbossing (paragraaf 2) – **Afleiding.**

- 7.2 dwergseekoei (paragraaf 2) **Samestelling. (2)**
8. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer: (1)
Die dieretuin (organisasie) 'n veldtog om geld in te samel vir die dwergseekoei se bewaring.
Organiseer. (1)
9. Skryf die vroulike vorm van *seekoei* neer. **Seekoeikoei. (1)**
10. Skryf uit die paragraaf 4 'n woord neer wat dieselfde beteken as dierkunde. (1)
Soölogie. (1)
11. Waarom word die woord *Wes-Afrika* (paragraaf 2) met 'n koppelteken geskryf? (1)
Aardrykskundige name wat aan rigting gekoppel word, word met 'n koppelteken geskryf. (1)
12. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer:
Die filmspan het die leefwyse van die dwergseekoei (film). (1)
Verfilm. (1)

[20]

Vraag 4

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Benoem die skryfteken op die woord *dié* in paragraaf 1. (1)
Akuutaksent. (1)
2. Bestudeer die subtitel: *Snelheid: 115 km/h*.
2.1 Skryf die meervoud van die woord *snelheid* neer. (1)
Snelhede. (1)
2.2 Waarvoor staan die afkorting *km/h*? (1)
Kilometer per uur. (1)
3. Die woord *landdier* kom in paragraaf 1 voor. Waarom word die woord met twee d's gespel? (1)
Die woord *landdier* is 'n samestelling. Die eerste basis van die woord eindig op die letter d en die tweede basis begin met die letter d. (1)
4. Skryf uit die leesstuk 'n woord neer wat beteken *enig in sy soort*. (1)
Unieke. (1)
5. Is die woord *halfterugtrekbare* in paragraaf 2 'n voorbeeld van 'n samestelling of 'n samestellende afleiding? (1)
Samestellende afleiding. (1)
6. Bestudeer die woord *suurstofinname* in paragraaf 2. Uit watter twee woorde is die woord *inname* saamgestel? (1)
In en neem. (1)
7. Dui die korrekte vorm van die woord tussen hakies aan:
Die (sirkuleer) van die suurstof deur die bloed is belangrik. (1)
Sirkulasie. (1)
8. Die luiperd het groot neusgate. Gebruik die woorde *grote* en *grootte* in twee sinne sodat die betekenis van die woorde duidelik na vore kom. (2)

Leerders maak sinne met *grote* en *grootte*.

Die grootte van my skoen is 'n nommer 5.

Ons het klomp visse gevang maar die ou grote het weggekom. (2)

[10]

Totaal afdeling B: 30 punte

